+27 28 514 8500
info@swellendam.gov.za
swellenmun
www.swellendam.gov.za
+27 28 514 2694

49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

**HISTORIESE OORSKRYDING OP MUNISIPALE GROND – AANGRENSEND TOT ERF 5175, WELTEVREDENSTRAAT, SWELLENDAM *(±41.63 vierkante meter)***

Kennis geskied hiermee ingevolge die voorskrifte van die Swellendam Munisipaliteit se Grondbeskikkingsbeleid, 2018 en die bepalings van Bate-Oordrag Regulasies, 2008, Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003) soos gewysig, dat die Burgemeesterskomitee in beginsel goedkeuring verleen het vir 'n huurooreenkoms met Mnr Roy van Mourik, vir 'n gedeelte van die stoep en trappe op Erf 5175, Swellendam, wat op munisipale grond oorskry.

Die periode van verhuring gaan vir nege jaar en elf maande wees, met 'n huurbedrag soos bepaal deur die goedgekeurde finansiele tariefskedule van 2023/2024. Geen nuwe oorskrydings op Erf 5175, word ondersteun nie.

Besware/kommentaar rakende die verhuring, moet skriftelik wees en moet die ondergetekende bereik nie later nie as **Vrydag, 29 Maart 2024, om 12:00**. Besware/kommentaar kan per hand gelewer word by die Wolfaardt Trust Gebou, Eenheid nr. 2, Stasiestraat, Swellendam of ge-epos word aan liezel@swellendam.gov.za.

Laat besware/kommentaar sal nie oorweeg word nie. Verdere inligting kan bekom word by Mev L. Baransky by 028 514 8500 of e-pos liezel@swellendam.gov.za.

**A Vorster**
**Munisipale Bestuurder**

*Kennisgewing H3/2024*